Baie welkom terug aan almal wat weg was gedurende die Desembervakansie! Indien daar nuwe intrekkers by ons aangesluit het - maak sommer dadelik kontak!
Tema: Glo ten spyte van oorweldigende werklikhede in God en tree met vertroue in Hom op.

Lofsang ter voorbereiding van die erediens
Lied 514: 1, 2
Lied 188: 1, 3
Saam met ons kinders:
Lied 542: 1, 2
Lied 553: 1

God en ons ontmoet mekaar Intreelied:
Lied 175: 1
Votum
Seën
Loflied Ps. 68-2: 1, 5, 6

Ons verootmoedig ons voor God Wet
Eksodus 2
Sing Ps. 119-2: 12, 13, 14
Gebed

God bedien aan ons sy Woord en ons ontvang dit aktief in geloof
Skriflesing: 1 Sameul 17
Teksverse: 1 Sameul 17: 45 - 47
Sing Ps. 46-1: 1, 6 (Kleuters gaan na hulle bediening)
Woordverkondiging

Ons antwoord op die Woordbediening
Geloofsbelydenis: 12 Artikels almal hardop saam
Liefdegawe
Gebed
Sing Ps. 18-2: 8, 9, 12
Seën
Amenlied: Sb 13-2.

Br en sr, liewe jongmens en kind

Is daar iets of iemand in 2020 waarvoor jy bang is? Miskien ŉ totale nuwe lewensfase wat jy betree soos om hoërskool toe te gaan of vir die eerste keer universiteit? En jy voel bang en onseker oor alles wat kan gebeur? Miskien ŉ nuwe werksomstandigheid wat jy betree het en wat baie vrees opwek? Miskien iemand met wie jy op een of ander manier in konflik gekom het en jy is baie bang vir die uitkoms daarvan of wat die gevolge kan wees. Dalk is daar finansiële druk waaruit jy nie weet hoe jy gaan kom nie en jy is baie bang vir wat gaan gebeur. Miskien ŉ siekte of gesondheidstoestand wat lyk of dit jou gaan oorweldig!

Br en sr, die antwoord op jou vrees is nie meer moed of krag nie! Ons moenie in sulke omstandighede vir mekaar sê: skraap al jou moed bymekaar en pak die probleem aan nie! Daarmee plaas ons die klem op jou as mens en wat jy kan doen.

Nee, geliefdes, die antwoord op vrees is vertroue! Vertroue op God! Ten spyte van die mees oorweldigende realiteit wat daar in jou lewe mag wees! Vertrou op die Here!

En daarom wil die Here hier aan die begin van 2020 vir ons sê: Glo ten spyte van oorweldigende werklikhede in God en tree met vertroue in Hom op.

Die vraag is: hoekom word ons so maklik bang? Hoekom verloor ons so maklik ons vertroue in God en lyk dit vir ons asof daar geen uitkoms uit ŉ gegewe situasie is nie?
Want ons speel oënskynlik oorweldigende realiteite teenoor geloof af! In ons denke is geloof en praktyk baie keer onversoenbaar! Ons sal vir mekaar sê: Ja, om te glo is goed – maar wees nou realisties! En daarmee word God magteloos gestel teenoor die realiteit wat voor my staan! Letterlik soos ŉ Goliat! Groot en oorweldigend!

Terwyl ons vergeet: God is nie gebonde aan die realiteite van ons bestaan nie! God is groter as Goliat, Hy is groter as ons realiteit en God werk anders in ons lewe – teen alle menslike werklikhede in! Moet daarom nie teen die groot Goliat vaskyk en dink God is magteloos nie!

In ons teksverse kry ons ŉ sametrekking van 2 belangrike dinge:
1. Die werklikheid van ons lewe waaraan God nie gebonde is nie
2. Die werklikheid van geloof in God en hoe Hy deur geloof in ons lewe optree!

Kom ons kyk eerstens na die situasie, die oorweldigende realiteite waarmee Israel gekonfronteer word. Die Filistyne trek op teen Israel en ons weet uit ander Skrifgedeeltes dat die Filistyne gewoonlik in getal baie meer was as die leërmag van Israel. Maar hierdie keer wag daar letterlik ŉ groot verassing op Israel. Een van die Filistyne was ŉ reus van ŉ man – drie meter lank! (Wys skyfie) ŉ Baasvegter en ervare! Goed toegerus met die beste wapens! Die skrywer doen moeite om vir ons sy onoorwinlikheid te beskryf! (wys skyfie)
Toegerus met ŉ bronshelm op sy kop, ŉ borsharnas van brons skubbe en sy bene word ook met bronsplate beskerm. Dit beteken dat die vyand se pyle nie maklik sal deurdring nie!

ʼn Bronsswaard en ʼn geweldige werpspies en ʼn skild so groot dat sy wapendraer amper daaragter verdwyn! Sonder vrees en met minagting daag hy vir 40 dae lank Saul se soldate uit!

Hoekom dink julle word hier so klem gelê op hoe groot Goliat was en al sy magtige wapens? Die skrywer doen dit om die realiteit, die werklikheid van die bedreiging te beklemtoon! ʼn Reus met magtige wapens toegerus! En die konklusie waartoe Saul en sy soldate kom: hy is onoorwinlik! Dis onmoontlik om teen hom te veg! En hulle word deur vrees oorval! Hoe gaan ons uit hierdie situasie kom?

Brs en srs, en dis presies wat Satan ook met ons doen en in ons kleingeloof val ons in sy strik! Ons kyk na ons land en alles wat hier gebeur en ons sê vir mekaar: Ons weet God regeer, maar kyk hoe lyk ons land! Niks sal wat hier gebeur kan verander nie! Ons kyk na die kerk en ons sê vir mekaar: ons weet dit is Christus se kerk, maar niks kan hierdie stroom van mense wat die kerk verlaat keer nie! Hoe sal ons in ons gemeente jonk en oud so kan bedien dat mense met oorgawe weer die Here kom dien!

Daardie “reuse” in jou persoonlik lewe lyk so groot en onoorkomelik en dit verlam jou met vrees. Die realiteite van 2020 is dikwels in ons gedagtes groter as God! En dan word ek bang! Dan begin ek gewoonlik soek na ander planne, my eie planne of menslike planne wat volgens my die Goliat in my lewe moet oorwin! Maar hoe meer ek op myself fokus en uit my eie krag iets probeer doen, hoe minder kry ek dit reg en hoe banger word ek!

Daarom, geliefdes, wys die Here vir ons in die tweede plek deur Dawid se geloof en optrede, wie Hy is! Dit gaan nie hier om Dawid en sy onverskrokke optrede waarmee Hy Goliat oorwin nie! Dit gaan hier om God! Wie God regtig is en hoe Hy Hom in Dawid se lewe openbaar! Want Dawid fokus op wie God is en wat Hy kan doen! Hy vertrou op God en tree in geloof op! Geloof staan nie teenoor die werklikheid nie, geloof sien God net groter as die oënskynlik onoorwinlike werklikheid!

Want, br. en sr en liewe kinders, wie is God? Dawid sê dit in vers 45! God is die baasvegter van Israel se weermag! Die manier waarop Dawid hier na die Here verwys is “weermagtaal”! Die Here, die Almagtige, die God van die linies van Israel dui op God as Israel se Goliat! Hy is die Groot Soldaat wat alle leërmagte oorwin! Hy is die Goliat van die Heelal – die Grootste en sterkte Soldaat wat bestaan! Groter as Goliat en groter as die grootste realiteit van hierdie wêreld wat sy volk kan bedreig!

Ja, groter as Satan, ons grootste vyand! Het God Homself nie as groter as Goliat bewys deurdat Hy Jesus teen alle menslike begrip en verstaan binne in ons werklikheid laat kom, sodat Hy hier aan ons kan kom toon hoe groot en sterk en onoorwinlik Hy nie! God word mens – teen alle menslike realiteit in! Gebore uit ʼn maagd – hoe is dit moontlik! In ʼn krip maar reeds ʼn koning wat vereer word! Die grootste leermeester wat sy volk nog gesien het, wat hulle leer soos wat hulle geen mens nog hoor leer het nie!

Christus wat siekes gesond maak en wonderwerke doen wat mense verstom laat staan. Wat duisende met ŉ stukkie brood en ŉ paar vissies kos gee! Wat storms op die see stil maak, siekes gesond maak en ja, wat dooies weer lewend kan maak! Wat aan die kruis die Satan oorwin en die mag van sonde en vrees oor ons kom breek! Wat sterf maar na drie dae opstaan uit die dood! Wat teen alle werklikheid na die hemel opvaar om vandaar almal wat in Hom glo, se Goliat te wees!

In Dawid se woorde: Die Here, die Almagtige, die Baasvegter van Israel se linies!

So sien Dawid God en so glo Dawid en in Hom stel Hy sy vertroue in die Baasvegter van die wêreld!

Want so het die Here Homself van kleins af aan Dawid geopenbaar! Dawid getuig daarvan: daar waar hy as skaapwater sy pa se skape moet oppas het hy God se sien optree! Hoe Dawid leeus en bere kon doodmaak omdat God hom in staat gestel het om dit te doen! Omdat Hy eenvoudig geglo het God is groter en sterker as die leeu en die beer!

Maar br. en sr, het ek en jy dit nie ook al in ons eie lewe van God gesien en ervaar nie? Hoe ons al in groot nood was en gebid en gepleit het, en hoe God ons gered en gehelp het! Ons kan almal daarvan getuig! Ons almal het al op een of ander manier gesien dat God groter is as die werklikheid wat ons bang maak!

En tog, op een of ander manier kom ons by ŉ grens in ons geloof in en vertroue op God waar ons dink – hier is ons werklikheid groter as God! Dan laat Satan ons meer op die vyand as op God fokus!

Br en sr, wanneer dit gebeur, dan moet ons bid dat die Heilige Gees ons geloofsvertroue sterk maak! Want dit is juis die wonderlik taak van God die Gees, om ons in geloofsvertroue op te wek! Hy is immers die grote God wat kragtig in ons werk! Teen alle menslike logika in! Om ons te herinner aan wie Christus is en wat Hy vir ons gedoen het! Hoe Christus vir ons die oorwinning behaal het en dat niks of niemand en geen werklikheid groter as God is nie! Ook die werklikheid waarvoor ek en jy dalk vandag voor bang is nie!

Dat die Heilige Gees ons op God laat fokus – soos wat Hy hier in Dawid gedoen het - sodat ons soos Dawid in die geloof kan optree! Dat wanneer ek vrees en bang word – ek op Christus fokus en wat Hy vir my gedoen het! Hoe Hy vir my die oorwinning – in alles - behaal het en dat Hy dit vandag steeds doen! Daarom hoef ek niks te vrees nie!

Dat ons eenvoudig doen wat God ons beveel om te doen en glo dat Hy die uitkoms sal gee! Om nie deur vrees en angs verlam te word nie, maar die wapenrusting van die geloof aan te trek en te doen wat God in ŉ gegewe situasie wil hê ons moet doen en dan te sien hoe Hy vir ons die uitkoms bewerk, die oorwinning behaal, die vrede gee!

Geliefdes, daar is niks en niemand groter as God nie! Daarom roep die Here ons vanmore – hier aan die begin van 2020 op:
Glo ten spyte van oorweldigende werklikhede in My en tree met vertroue in My op.

Wat moet ek en jy dus doen: Fokus op God en bid om geloofsvertroue!

Brs en srs, God het in Christus vir ons bewys dat Hy groter is as Goliat – inteendeel dat Hy in sy liefde en genade: My Goliat is! Een op wie ek kan vertrou teen alle werklikheid in!

Dis waarom Paulus in Romein 8 geskryf het: [37]Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat vir ons liefhet. [38]Hiervan is ek oortuig: geen dood of lewe of engele of magte of teenswoordige of toekomstige dinge of kragte [39]of hoogte of diepte of enigiets anders in die skepping kan ons van die liefde van God skei nie, die liefde wat daar is in Christus Jesus ons Here.”

Amen

Kom bely nou ons geloof!